

Woensdag 7 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-15

Fokusgedeelte: Habakuk 3:11

Die Here God is ons krag

Nadat Habakuk die profesie van die Here aangaande Juda en Babilonië aan die volk verkondig het, reageer die profeet met 'n gebed wat bedoel is om getoonset te word.

Habakuk doen 'n beroep op die Here om vinnig in genade op te tree (Hab. 3:2). Daarna herinner hy die volk aan God se optrede in die verlede. God se optrede is deur sy krag gekenmerk. Dwarsdeur Israel se geskiedenis – tydens die uittog uit Egipte, in die woestyn, by die Jordaan en in die tyd van Josua – het God hulle verlos deur sy almag, en sy krag was oorweldigend.

Die krag van God was duidelik toe Josua Hom om hulp gevra het en die son in Gibeon en die maan in die Ajalon-laagte stil gaan staan het (Jos. 10:12).

Onder die volke aan die oostekant van die Beloofde Land het die son goddelike krag gehad, en dit was vir baie die sigbare simbool van die krag waarvoor hulle gode beskik. Baie van hulle het die son aanbid. Die Fenisiërs en die Kanaäniete het byvoorbeeld die son aanbid onder die naam van Baäl, die Moabiete onder die naam van Kemos, en die Ammoniete onder die naam van Molog. Hulle het nie altyd 'n onderskeid gemaak tussen hulle aanbidding van die son en die maan nie. Van die volk het die maan onder die naam van Astarte aanbid.

Daarom moes dit 'n fisiese sowel as geestelike slag vir die volke gewees het toe die son stil gaan staan het in Gibeon en die maan in die Ajalon-laagte. God is in beheer en sy krag oor die magtigste gode van die Kanaänitiese konings was finaal en oorweldigend bevestig.

In Psalm 84:12 staan daar: *“Want die Here God is 'n son en skild”* (1953-vertaling), of: *“Die Here God is ons krag ...”* (1983-vertaling). Loof saam met die digter van hierdie gebed uit Habakuk die krag en die almag van God oor alles op die aarde!

Sing: Psalm 84-1:5

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)